

REGULASIES KRAGTENS DIE WET OP GESINSGEWELD, 1998 (WET NO. 116 VAN 1998)

Die Minister van Justisie het kragtens artikel 19 van die Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet No.116 van 1998), die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie regulasies het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is, daardie betekenis en, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken -

"die Wet" die Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet No. 116 van 1998).

Kennisgewing moet inligting bevat

2. Die kennisgewing in artikel 2(b) van die Wet bedoel, moet die inligting bevat waarvoor daar in Vorm 1 van die Aanhangsel voorsiening gemaak word.

Verduideliking van kennisgewing

3. Vir die doeleindes van artikel 2(c) van die Wet moet 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens -

(a) aan die klaer -

- (i) verduidelik dat 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens sodanige bystand sal lewer as wat omstandighede vereis, insluitende bystand of die tref van reëlins om 'n gepaste skuiling te kry en om mediese behandeling te kry;
- (ii) sy of haar reg verduidelik om aansoek te doen om 'n beskermingsbevel om die respondent te belet om verdere handeling van gesinsgeweld te begaan, selfs al is daar geen kriminele klagte gelê nie, ten einde sy of haar veiligheid, gesondheid en welsyn te verseker;
- (iii) sy of haar reg verduidelik om 'n kriminele klagte te lê; en
- (iv) die doel van die kennisgewing verduidelik;

(b) indien die klaer nie die kennisgewing kan lees nie, die kennisgewing in regulasie 2 bedoel, vir die klaer lees of sodanige redelike stappe doen as wat nodig is om die kennisgewing vir die klaer te laat lees;

(c) by die klaer navraag doen of hy of sy -

- (i) die inhoud van die kennisgewing verstaan; en
- (ii) verdere inligting verlang betreffende sy of haar regsmittele ingevolge die Wet en die reg om 'n kriminele klagte te lê;

(d) na sy of haar beste vermoë, op versoek aan die klaer -

- (i) enige deel van die kennisgewing wat die klaer nie verstaan nie, verduidelik; en
- (ii) sy of haar regsmittele ingevolge die Wet en die reg om 'n kriminele klagte te lê, verduidelik; en

(e) die klaer inlig om verdere inligting van die klerk van die landdroshof te verkry indien vrae van die klaer onbeantwoord bly.

Wyse van aansoek om beskermingsbevel

4. (1) 'n Klaer kan by die hof aansoek doen om 'n beskermingsbevel in 'n vorm wesenlik in ooreenstemming met Vorm 2 van die Aanhangsel.

(2) Die aansoek in subregulasie (1) bedoel, moet gedoen word deur middel van 'n beëdigde verklaring waarin die volgende verklaar moet word:

- (a) Die feite waarop die aansoek berus;
- (b) die aard van die bevel waarom aansoek gedoen word; en
- (c) die naam van die polisiestasie waar die klaer waarskynlik enige verbreking van die beskermingsbevel waarom aansoek gedoen word, sal aanmeld.

(3) Waar die aansoek deur 'n ander persoon ten behoeve van 'n klaer gedoen word, moet die beëdigde verklaring in subregulasie (2) bedoel, ook die volgende uiteensit of bevat:

- (a) Die gronde waarop sodanige persoon 'n wesenlike belang by die welsyn van die klaer het;
- (b) die beroep van sodanige persoon en die hoedanigheid waarin sodanige persoon die aansoek doen; en
- (c) uitgesonderd in gevalle wat deur die bepalings van paragrafe (a) tot (d) van artikel 4(3) van die Wet uitgesluit word, die skriftelike instemming van die klaer.

Inligting wat deur klerk van die hof verstrekk moet word

5. (1) Vir die doeleindes van artikel 4(2) van die Wet moet die klerk van die hof, indien die klaer nie deur 'n regsvertegenwoordiger verteenwoordig word nie -

- (a) 'n skriftelike kennisgewing aan die klaer oorhandig wat die inligting bevat waarvoor Vorm 3 van die Aanhangsel voorsiening maak, wat in die amptelike taal van die klaer se keuse moet wees, indien redelikerwys moontlik;

- (b) die kennisgewing vir die klaer lees of dit laat lees indien die klaer die kennisgewing nie kan lees nie;

- (c) by die klaer navraag doen of hy of sy -

- (i) die inhoud van die kennisgewing verstaan; en

- (ii) verdere inligting verlang betreffende die regshulp beskikbaar ingevolge die Wet en die reg om 'n kriminele klagte te lê; en
- (d) na sy of haar beste vermoë, op versoek van die klaer -
 - (i) enige deel van die kennisgewing wat die klaer nie verstaan nie, verder verduidelik; en
 - (ii) die regshulp beskikbaar ingevolge die Wet en die reg om 'n kriminele klagte te lê, verder verduidelik.

Uitreiking van tussentydse beskermingsbevel

6. 'n Tussentydse beskermingsbevel in artikel 5(2) van die Wet beoog, moet in die vorm van Vorm 4 van die Aanhangsel wees.

Kennisgewing om redes aan te voer

7. Die kennisgewing waarby die respondent aangesê word om op die vasgestelde keurdatum redes aan te voer waarom 'n beskermingsbevel nie uitgereik moet word nie, in artikel 5(4) van die Wet beoog, moet in die vorm van Vorm 5 van die Aanhangsel wees.

Uitreiking van beskermingsbevel

8. 'n Beskermingsbevel in artikel 6(1) van die Wet beoog, moet -
- (a) indien 'n tussentydse beskermingsbevel uitgereik is, in die vorm van Vorm 6 van die Aanhangsel wees; of
 - (b) indien 'n tussentydse beskermingsbevel nie uitgereik is nie, in die vorm van Vorm 7 van die Aanhangsel wees.

Uitreiking van lasbrief tot inhegtenisname

9. Die lasbrief tot inhegtenisname in artikel 8(1)(a) van die Wet beoog, moet gemagtig en uitgereik word in die vorm van Vorm 8 van die Aanhangsel.

Beëdigde verklaring vir verdere lasbrief tot inhegtenisname

10. 'n Beëdigde verklaring in artikel 8(3) van die Wet beoog vir die doel om 'n tweede of verdere lasbrief tot inhegtenisname te verkry, moet in 'n vorm wees wat wesenlik met Vorm 9 van die Aanhangsel ooreenstem.

Beëdigde verklaring betreffende verontagsaming van beskermingsbevel

11. 'n Beëdigde verklaring in artikel 8(4)(a) van die Wet beoog waarin daar verklaar word dat die respondent enige verbod, voorwaarde, verpligting of lasgewing vervat in 'n beskermingsbevel verontagsaam het, moet in 'n vorm wees wat weselik met Vorm 10 van die Aanhangsel ooreenstem.

Skriftelike kennisgewing om voor die hof te verskyn

12. (1) Die skriftelike kennisgewing in artikel 8(4)(c) van die Wet beoog waarin die respondent aangesê word om voor 'n hof te verskyn op 'n aanklag van die pleeg van die misdryf in artikel 17(a) van die Wet bedoel, moet in 'n vorm wees wat weselik met Vorm 11 van die Aanhangsel ooreenstem.

(2) Enige respondent wat aangesê is om voor die hof te verskyn ooreenkomstig 'n skriftelike kennisgewing in subregulasie (1) bedoel en wat versuim om -

- (a) op die plek, datum en tyd wat in daardie kennisgewing vermeld is, te verskyn; of
- (b) by die verrigtinge teenwoordig te bly,

is skuldig aan 'n misdryf en strafbaar met die straf ingevolge subregulasie (3)(b) voorgeskryf.

(3) (a) Die hof kan, indien hy op grond van die duplikaat-oorspronklike van die kennisgewing in artikel 8(4)(d) van die Wet bedoel, oortuig is dat die kennisgewing aan die respondent oorhandig is en dat die respondent versuim het om te verskyn op die plek, datum en tyd in die kennisgewing vermeld, of indien hy oortuig is dat die respondent versuim het om by die betrokke verrigtinge teenwoordig te bly, 'n lasbrief tot die inhegtenisname van die respondent uitreik.

(b) Die hof kan, wanneer die respondent voor hom gebring word, op summiere wyse ondersoek instel na sy of haar versuim om aldus te verskyn of om teenwoordig te bly, en tensy die respondent die hof oortuig dat sy of haar versuim nie aan 'n fout aan sy of haar kant toe te skryf was nie, hom of haar skuldig bevind aan die misdryf in subregulasie (2) bedoel en hom of haar vonnis

tot 'n boete of tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

Aansoek om wysiging of tersydestelling van beskermingsbevel

13. 'n Aansoek om die wysiging of tersydestelling van 'n beskermingsbevel in artikel 10(1) van die Wet beoog, moet gedoen word op 'n vorm wat wesenlik met Vorm 12 van die Aanhangel ooreenstem.

Kennisgewing van wysiging of tersydestelling van beskermingsbevel

14. (1) Die kennisgewing van die wysiging of tersydestelling van 'n beskermingsbevel, in artikel 10(3) van die Wet beoog, moet in die vorm van Vorm 13 van die Aanhangel wees.

(2) Die kennisgewing in subregulasie (1) bedoel, moet deur die klerk van die hof aan die klaer en die respondent gestuur word deur dit aan hulle persoonlik te oorhandig of dit per geregistreerde pos aan hulle te stuur.

Betekening van dokumente

15. (1) Die betekening van enige dokument ingevolge die Wet of hierdie regulasies, uitgesonderd waar die Wet of hierdie regulasies anders bepaal, moet sonder versuim gedoen word deur -

- (a) die klerk van die hof, deur 'n gewaarmerkte afskrif van die dokument te oorhandig of vir oorhandiging aan te bied aan die persoon aan wie die dokument beteken staan te word, of 'n gewaarmerkte afskrif van die dokument per geregistreerde pos aan daardie persoon te stuur en die oorspronklike dokument dienooreenkomstig te endosseer;
- (b) die balju, ingevolge die bepalings van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), en die Reëls afgekondig ingevolge artikel 6 van die Wet op die Reëlsraad vir Geregshowe, 1985 (Wet No. 107 van 1985); of
- (c) 'n vredesbeampte, ingevolge die bepalings van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), betreffende die betekening van getuiedagvaardings.

(2) Die klerk van die hof wat 'n afskrif van die dokument ingevolge subregulasie (1)(a) stuur aan die persoon aan wie die dokument beteken

staan te word, moet vereis dat bewys van ontvangs daarvan aan hom of haar besorg word deur die betrokke posowerheid.

(3) 'n Persoon wat gemagtig is om betekening ingevolge subregulasie (1) te bewerkstellig, wat nie 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens is nie, kan in enige geval waar weerstand teen die betekening van 'n dokument ondervind word of redelikerwys verwag word, 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens versoek om hom of haar by te staan met die betekening van enige dokument waarvoor die Wet en hierdie regulasies voorsiening maak.

(4) Die klaer of respondent wat vereis dat 'n dokument ingevolge die Wet of hierdie regulasies beteken word, is aanspreeklik vir die koste van sodanige betekening: Met dien verstande dat die klerk van die hof na oorweging van sodanige bewys as wat hy of sy verlang, kan gelas dat die Staat aanspreeklik moet wees vir die koste van enige betekening ingevolge die Wet of hierdie regulasies indien hy of sy oortuig is dat die klaer of die respondent, na gelang van die geval, of sowel die klaer as die respondent, nie oor die middele beskik om vir sodanige koste te betaal nie op die tydstip wanneer betekening vereis word.

Kort titel

16. Hierdie regulasies heet die Regulasies op Gesinsgeweld, 1999, en tree op 15 Desember 1999 in werking.

AANHANGSEL**VORM 1****[Regulasie 2]****KENNISGEWING AAN KLAER IN 'N GEVAL VAN GESINSGEWELD**
ARTIKEL 2(b) VAN DIE WET OP GESINSGEWELD, 1998 (WET NO. 116 VAN 1998)

Hierdie kennisgewing verduidelik u regte en die stappe wat u kan doen om uself, u kinders en/of ander lede van die gedeelde huishouding te beskerm. Indien daar nadat u hierdie kennisgewing gelees het, enigiets is wat u nie verstaan nie, sal ek die inhoud na my beste vermoë aan u verduidelik. As ek of ander lede van die Suid-Afrikaanse Polisie hiër teenwoordig nie in staat is om enige van u vrae rakende hierdie kennisgewing te beantwoord nie, kan u die klerk van die landdroshof nader vir verdere inligting.

1. Ek, as lid van die Suid-Afrikaanse Polisie, sal die bystand aan u verleen wat u nodig het in die omstandighede, insluitende bystand of die tref van reëlins om –
 - 'n gepaste skuiling te kry; en/of
 - mediese behandeling te kry.
2. U kan 'n kriminele klagte lê teen die persoon wat die handeling van gesinsgeweld gepleeg het (wat nou die respondent genoem sal word) indien die optrede van die respondent 'n misdryf uitmaak wat deur die polisie ondersoek sal word.
3. Daarbenewens kan u ook, op enige dag en te eniger tyd, aansoek doen om 'n beskermingsbevel by die landdroshof in wie se gebied –
 - u permanent of tydelik woon, besigheid bedryf of in diens is;
 - die respondent woon, besigheid bedryf of in diens is; of
 - die handeling van gesinsgeweld plaasgevind het.
4. Ek sal u voorsien van 'n aansoekvorm as u om so 'n bevel aansoek wil doen. Dit is nie nodig om 'n kriminele klagte te lê ten einde 'n beskermingsbevel te kry nie.
5. Die hof sal u aansoek oorweeg en kan daarna 'n tydelike bevel uitreik, wat –
 - van krag sal word slegs nadat dit aan die respondent afgelewer is (waarvan u die koste moet betaal, tensy u nie oor die middele beskik om daarvoor te betaal nie); en
 - net vir 'n sekere tydperk geldig sal wees.
6. Na sodanige tydperk sal die hof dit oorweeg om 'n permanente bevel uit te reik.
7. In u aansoek kan u die hof versoek om die respondent te belet om –
 - enige handeling van gesinsgeweld te pleeg;
 - die hulp van 'n ander persoon te verkry om enige handeling van gesinsgeweld te pleeg;
 - u werksplek, huis of die gedeelde woning of enige deel daarvan binne te gaan;
 - u of enige kind wat normaalweg in die gedeelde woning woon, te verhoed om die woning of enige deel daarvan binne te gaan of daarin te vertoef;
 - enige ander handeling te verrig soos deur die hof bepaal.
8. U kan die hof versoek om nie u fisiese adres aan die respondent bekend te maak nie. Die hof kan ook, ten einde u te beskerm en vir u veiligheid, gesondheid en welsyn voorsiening te maak –
 - gelas dat die respondent huur, verbandpaaielemente of ander geldelike bystand betaal (soos mediese onkoste en verlies van inkomste);
 - die respondent kontak met u kinders ontsê;
 - gelas dat daar beslag gelê word op enige wapen of gevaarlike wapen in die besit of onder die beheer van die respondent;
 - gelas dat 'n vredesbeampte u vergesel om u by te staan met die afhaal van u persoonlike eiendom;
 - enige ander voorwaarde stel wat hy redelikerwys nodig ag.
9. Wanneer 'n bevel gemaak word, sal die hof 'n lasbrief tot die inhegtenisname van die respondent uitreik. Dit beteken dat die respondent in hegtenis geneem kan word indien hy of sy versuim om te voldoen aan enige bepaling van die beskermingsbevel en nadat u die lasbrief en 'n beëdigde verklaring ten effekte dat die respondent die bevel oortree het, aan die polisie oorhandig het.

WAARSKUWING: Dit is 'n misdryf as u wetens vals inligting verstrek wanneer u om 'n beskermingsbevel aansoek doen of wanneer u 'n kriminele klagte lê, en u sal vervolg word en kan skuldig bevind word.

VORM 2

[Regulasie 4]

AANSOEK OM BESKERMINGSBEVEL

ARTIKEL 4(1) VAN DIE WET OP GESINSGEWELD, 1998 (WET NO. 116 VAN 1998)

DEEL A: AANSOEK (Moet deur aansoeker ingevul word)**1. BESONDERHEDE VAN KLAER (Slagoffer van gesinsgeweld)**

| | |
|---|--|
| Van: | |
| Volle name: | |
| ID-nommer/Geboortedatum: | |
| Woonadres of tydelike adres: | |
| Huis- of kontaktelefoonnommer: | |
| Werkadres: | |
| Werktelefoonnommer | |
| Aard van gesinsverhouding met persoon wat die handeling van gesinsgeweld gepleeg het: | |
| Beroep: | |

2. BESONDERHEDE VAN PERSOON WAT TEN BEHOEWE VAN DIE KLAER AANSOEK DOEN (indien van toepassing)

| | |
|--|--|
| Van: | |
| Volle name: | |
| ID-nommer/Geboortedatum: | |
| Woonadres: | |
| Huis- of kontaktelefoonnommer: | |
| Werkadres: | |
| Werktelefoonnommer | |
| Beroep: | |
| Hoedanigheid waarin aansoek gedoen word: | |
| Aard van verhouding met die klaer: | |
| Meld rede(s) waarom aansoek ten behoeve van die klaer gedoen word: | |

| | |
|---|---|
| Dui aan of skriftelike instemming van klaer verkry is: <i>(Skrap wat nie van toepassing is nie.)</i> | Skriftelike instemming *is verkry en word aangeheg / is nie nodig nie aangesien die klaer – <input type="checkbox"/> 'n minderjarige is (onder 21 jaar); <input type="checkbox"/> verstandelik gestrem is; <input type="checkbox"/> bewusteloos is; <input type="checkbox"/> nie in staat is om toestemming te verleen nie omdat |
|---|---|

3. BESONDERHEDE VAN PERSOON WAT HANDELING VAN GESINSGEWELD GEPLEEG HET (hierna die Respondent genoem) – in soverre sulke besonderhede beskikbaar is

| | |
|--------------------------------|--|
| Van: | |
| Volle name: | |
| ID-nommer/Geboortedatum: | |
| Woonadres: | |
| Huis- of kontaktelefoonnommer: | |
| Werkadres: | |
| Werktelefoonnommer | |
| Beroep: | |

4. PERSONE DEUR GESINSGEWELD GERAAK

4.1 Besonderhede van kinders en volwassenes wat die woning deel:

| Naam | Ouderdom | Verhouding met klaer |
|------|----------|----------------------|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

4.2 Hoe word hierdie persone geraak?

| |
|--|
| |
|--|

4.3 Het enige van hierdie persone gestremdhede? Indien wel, verstrek besonderhede:

| |
|--|
| |
|--|

5. INLIGTING OOR DADE VAN GESINSGEWELD

Verstrek volledige besonderhede oor alle voorvalle van gesinsgeweld, en meld ook of wapens of gevaarlike wapens gebruik is, die beserings wat opgedoen is en of mediese behandeling verkry is.

| |
|--|
| |
|--|

6. INLIGTING OOR DRINGENDHEID VAN AANSOEK

Verstrek die redes waarom die hof die aansoek as 'n dringende aangeleentheid moet oorweeg en waarom daar moontlik onbehoorlike ontbering sal wees indien die aansoek nie onmiddellik aandag geniet nie.

| |
|--|
| |
|--|

7. BEPALINGS VAN BESKERMINGSBEVEL

Daar word versoek dat die Respondent gelas word (Merk toepaslike blokkie en vul in waar nodig):

| | | |
|-----|---|--|
| (a) | Om geen handeling van gesinsgeweld te pleeg nie | |
| (b) | Om nie die hulp van 'n ander persoon te verkry om enige handeling van gesinsgeweld te pleeg nie | |
| (c) | Om nie die gedeelde woning binne te gaan nie, geleë te | |
| (d) | Om nie 'n bepaalde gedeelte van die gedeelde woning binne te gaan nie, naamlik | |
| (e) | Om nie die Klaer se woning binne te gaan nie, geleë te | |
| (f) | Om nie die Klaer se werksplek binne te gaan nie, naamlik | |
| (g) | Om nie die Klaer of enige kind wat gewoonlik in die gedeelde woning woon of gewoon het, te verhoed om die gedeelde woning of enige deel daarvan binne te gaan of daarin te vertoef nie, naamlik | |
| (h) | Om geen ander handeling te verrig nie, naamlik | |

8. BYKOMENDE VOORWAARDES

Daar word ook versoek dat die hof soos volg gelas (Merk toepaslike blokkie en vul in waar nodig):

| | | |
|-----|---|--|
| (a) | 'n Vredesbeampte, naamlik, moet die Klaer vergesel om te help met reëlins rakende die afhaal van die Klaer se persoonlike eiendom in paragraaf 9 hieronder uiteengesit. | |
| (b) | 'n Lid van die Suid-Afrikaanse Polisiëdiens moet beslag lê op die volgende wapen(s) of gevaarlike wapen(s) in besit van die Respondent: | |
| (c) | Die Respondent moet die volgende huur- of verbandbetalings doen: | |
| (d) | Die Respondent moet die volgende geldelike noodbystand betaal: | |
| (e) | Die Respondent moet enige kontak met die volgende kind of kinders ontsê word: | |
| (f) | Die Respondent moet die volgende kontak met die bogemelde kind of kinders toegestaan word: | |
| (g) | Die fisiese adres van die Klaer se woning moet nie aan die Respondent bekend gemaak word nie. | |
| (h) | Ander voorwaardes wat versoek word: | |

9. PERSOONLIKE EIENDOM

| Beskrywing van eiendom | Gronde waarop eiendom as persoonlike eiendom beskou word | Adres waar eiendom gehou word |
|------------------------|--|-------------------------------|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

10. Ek sal 'n verbreking van die Beskermingsbevel waarskynlik by die _____
-polisiestasie aanmeld.

DEPONENT

(Persoon wat om bevel aansoek doen)

DATUM

| |
|--|
| DEEL B: SERTIFISERING (vir amptelike gebruik) |
|--|

11. Ek sertifiseer hierby dat, alvorens ek die *eed/plegtige verklaring afgeneem het, ek die volgende vrae aan die Deponent gestel en *sy/haar antwoorde in *sy/haar teenwoordigheid aangeteken het soos hieronder aangedui:

- (a) Is u vertrouwd met en verstaan u die inhoud van die verklaring hierbo?
Antwoord: _____
- (b) Het u enige beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed?
Antwoord: _____
- (c) Beskou u die voorgeskrewe eed as bindend vir u gewete?
Antwoord: _____

Ek sertifiseer hierby dat die Deponent erken het dat *hy/sy met die inhoud van hierdie verklaring vertrouwd is en dit verstaan, wat voor my *beëdig/afgelê is, en die Deponent se *naamtekening / duimafdruk / merk in my teenwoordigheid daarop aangebring is.

Gedateer te _____ op hede die _____ dag van _____*19/20_____.

Vrederegtter / Kommissaris van Ede

Volle name: _____

Ampsbenaming: _____

Gebied waarvoor aangestel: _____

Besigheidsadres: _____

*Skrap wat nie van toepassing is nie.

VORM 3

[Regulasie 5]

INLIGTINGSKENNISGEWING AAN KLAER**ARTIKEL 4(2) VAN DIE WET OP GESINSGEWELD, 1998 (WET NO. 116 VAN 1998)**

1. U kan 'n kriminele klagte lê teen die persoon wat die handeling van gesinsgeweld gepleeg het (hierna die respondent genoem) indien die optrede van die respondent 'n misdryf uitmaak wat deur die polisie ondersoek sal word.
2. U kan u op enige dag en te eniger tyd aansoek doen om 'n beskermingsbevel by die landdroshof in wie se gebied –
 - u permanent of tydelik woon, besigheid bedryf of in diens is;
 - die respondent woon, besigheid bedryf of in diens is; of
 - die handeling van gesinsgeweld plaasgevind het.
3. Ek kan u voorsien van 'n aansoekvorm as u om so 'n bevel aansoek wil doen. Dit is nie nodig om 'n kriminele klagte te lê ten einde 'n beskermingsbevel te kry nie.
4. Die hof sal u aansoek oorweeg en kan daarna 'n tydelike bevel uitreik, wat –
 - van krag sal word slegs nadat dit aan die respondent afgelewer is (waarvan u die koste moet betaal, tensy u nie oor die middele beskik om daarvoor te betaal nie); en
 - net vir 'n sekere tydperk geldig sal wees.
5. Na sodanige tydperk sal die hof dit oorweeg om 'n permanente bevel uit te reik.
6. In u aansoek kan u die hof versoek om die respondent te belet om –
 - enige handeling van gesinsgeweld te pleeg;
 - die hulp van 'n ander persoon te verkry om enige handeling van gesinsgeweld te pleeg;
 - u huis of die gedeelde woning of enige deel daarvan binne te gaan;
 - 'n bepaalde deel van die gedeelde woning binne te gaan;
 - u werksplek binne te gaan;
 - u of enige kind wat normaalweg in die gedeelde woning woon, te verhoed om die woning of enige deel daarvan binne te gaan of daarin te vertoef;
 - enige ander handeling te verrig soos deur die hof bepaal.
7. U kan die hof versoek om nie u adres aan die respondent bekend te maak nie. Die hof kan ook, ten einde u te beskerm en vir u veiligheid, gesondheid en welsyn voorsiening te maak –
 - gelas dat die respondent huur, verbandpaaierement of ander geldelike bystand betaal (soos mediese onkoste en verlies van inkomste);
 - die respondent kontak met u kinders ontsê;
 - gelas dat daar beslag gelê word op enige wapen of gevaarlike wapen in die besit of onder die beheer van die respondent;
 - gelas dat 'n vredesbeampte u vergesel om u by te staan met die afhaal van u persoonlike eiendom;
 - enige ander voorwaarde stel wat hy redelikerwys nodig ag.
8. Wanneer 'n bevel gemaak word, sal die hof 'n lasbrief tot die inhegtenisname van die respondent uitreik. Dit beteken dat die respondent in hegtenis geneem kan word indien hy of sy versuim om te voldoen aan enige bepaling van die beskermingsbevel.

WAARSKUWING: Dit is 'n misdryf as u wetens 'n vals bewering teen die respondent maak in 'n beëdigde verklaring.

VORM 4
[Regulasie 6]

TUSSENTYDSE BESKERMINGSBEVEL

ARTIKEL 5(2) VAN DIE WET OP GESINSGEWELD, 1998 (WET NO. 116 VAN 1998)

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK _____

GEHOU TE _____ AANSOEK NO. _____ / _____

In die aangeleentheid tussen:

AANSOEKER: _____
(*ID-nommer/geboortedatum: _____)

EN

RESPONDENT: _____
(*ID-nommer/geboortedatum: _____)

1. Besonderhede van Respondent

Woonadres: _____

Tel. No.: _____

Werkadres: _____

Tel. No.: _____

2. Besonderhede van Aansoek

Die Aansoeker het aansoek gedoen om 'n beskermingsbevel teen die Respondent volgens die aangehegte beëdigde verklaring(s) en oorkonde van mondelinge getuienis (as daar is), welke aansoek deur die Hof oorweeg is.

3. BEVEL VAN HOF EN BESONDERHEDE VAN BEVEL

3.1 Die Hof beveel dat:

3.1.1 *Die aansoek om 'n Beskermingsbevel verwerp word; of

3.1.2 *'n Tussentydse Beskermingsbevel verleen word, en die Respondent word gelas -

3.1.2.1 *om nie die volgende handeling(e) van gesinsgeweld te pleeg nie:

3.1.2.2 *om nie die hulp van 'n ander persoon te verkry om die handeling(e) van gesinsgeweld in paragraaf 3.1.2.1 vermeld, te pleeg nie;

3.1.2.3 *om nie die gedeelde woning binne te gaan nie, geleë te _____;

3.1.2.4 *om nie die volgende gedeeltes van die gedeelde woning binne te gaan nie, naamlik _____ te _____;

3.1.2.5 *om nie die Klaer se woning binne te gaan nie, geleë te _____;

3.1.2.6 *om nie die Klaer se werksplek binne te gaan nie, naamlik te _____;

3.1.2.7 *om nie die Klaer of enige kind wat gewoonlik in die gedeelde woning te _____ woon of gewoon het, te verhoed om die gedeelde woning of enige deel daarvan binne te gaan of daarin te vertoef nie;

3.1.2.8 *om geen van die volgende handeling(e) te verrig nie, naamlik _____;

3.1.2.9 *om huur- of verbandbetalings ten bedrae van R_____ per maand / jaar te betaal;

3.1.2.10 *om die bedrag van R_____ as geldelike noodbystand aan die Klaer te betaal.

4. BYKOMENDE BEVELE

4.1 Daar word verder soos volg gelas:

4.1.1 *n Vredesbeampte, naamlik _____, moet die Aansoeker na die volgende woning vergesel om te help met reëlins rakende die afhaal van persoonlike eiendom, d.i. _____.

4.1.2 *n Lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens te _____ moet beslag lê op die volgende wapen(s) of gevaarlike wapen(s) in die besit van die Respondent, d.i. _____.

4.1.3 *Die Klaer se fisiese adres mag nie aan die Respondent bekend gemaak word nie.

4.1.4 *Die Respondent word gelas om geen kontak met die volgende kind(ers) te hê nie: _____

4.1.5 *Die Respondent word kontak met die volgende kind(ers) vergun: _____

op die volgende grondslag: _____

4.1.6 *Die Respondent _____

4.2 'n Lasbrief tot die inhegtenisname van die Respondent word gemagtig, maar die uitvoering daarvan word opgeskort behoudens die Respondent se nakoming van die bepalings van die Beskermingsbevel soos hierbo gestel.

4.3 'n Afskrif van hierdie bevel en die lasbrief tot inhegtenisname moet aan die _____-polisiestasie gestuur word sodra hierdie tussentydse bevel aan die Respondent beteken is.

5. DATUM VAN BEKRAGTIGING VAN BEVEL

5.1 **Die Respondent** word hierby ingelig van sy/haar reg om op die _____ dag van _____ om 08:30 in die landdroshof te _____ te verskyn ten einde redes te verstrek waarom die tussentydse beskermingsbevel nie bekragtig en finaal gemaak moet word nie, en van sy/haar reg om die aangeleentheid op 'n vroeër datum te laat verhoor na ten minste 24 uur skriftelike kennis aan die aansoeker en die gemelde hof.

5.2 **Die Respondent** word voorts ingelig dat indien hy of sy nie op die voormelde datum en tyd in die hof verskyn nie en die hof oortuig is dat hierdie kennisgewing behoorlik aan hom of haar beteken is en oortuig is dat hy of sy 'n handeling van gesinsgeweld pleeg of gepleeg het, hierdie bevel bekragtig en finaal gemaak sal word.

LANDDROS

DATUM

*Skrap wat nie van toepassing is nie.

VORM 5**[Regulasie 7]****KENNISGEWING AAN RESPONDENT OM GRONDE AAN TE VOER (REDES TE VERSTREK) WAAROM 'N BESKERMINGSBEVEL NIE UITGEREIK MOET WORD NIE ARTIKEL 5(4) VAN DIE WET OP GESINSGEWELD, 1998 (WET NO. 116 VAN 1998)**

| | |
|--|---------------------------|
| IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK _____ | |
| GEHOU TE _____ | AANSOEK NO. _____ / _____ |
| In die aangeleentheid tussen: | |
| AANSOEKER: _____ | |
| (*ID-nommer/geboortedatum: _____) | |
| EN | |
| RESPONDENT: _____ | |
| (*ID-nommer/geboortedatum: _____) | |

KENNISGEWING AAN RESPONDENT**1. Besonderhede van Respondent**

Woonadres: _____

 Tel. No.: _____

Werkadres: _____

 Tel. No.: _____

2. Besonderhede van Aansoek

Die Aansoeker het op _____ (datum) aansoek gedoen om 'n beskermingsbevel teen u. Die Hof het die aansoek oorweeg maar het besluit om nie 'n tussentydse beskermingsbevel uit te reik nie, maar sal op ondergemelde datum besluit om 'n beskermingsbevel teen u uit te reik al dan nie.

3. Beskermingsbevel

- 3.1 U word hierby aangesê om op die _____ dag van _____ redes te verstrek waarom 'n beskermingsbevel nie deur bogemelde Hof teen u uitgereik moet word nie, op die grondslag van die aansoek en stawende beëdigde verklarings, as daar is, waarvan gewaarmerkte afskrifte hierby aangeheg is.

- 3.2 Indien u dit verlang, kan die aangeleentheid op 'n vroeër datum verhoor word nadat u ten minste 24 uur skriftelik kennis aan die aansoeker en die Hof gegee het.
- 3.3 Die Hof sal 'n beskermingsbevel teen u uitreik indien u nie op bogemelde datum en tyd in die hof verskyn nie en indien die Hof oortuig is dat hierdie kennisgewing behoorlik aan u beteken is en dat u 'n handeling van gesinsgeweld gepleeg het.

KLERK VAN DIE HOF

DATUM

VORM 6**[Regulasie 8(a)]****BESKERMINGSBEVEL**

ARTIKEL 6 VAN DIE WET OP GESINSGEWELD, 1998 (WET NO. 116 VAN 1998)
 (Hierdie vorm moet ingevul word indien 'n tussentydse beskermingsbevel ingevolge artikel 5(2) uitgereik is.)

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK _____

GEHOU TE _____

AANSOEK NO. _____ / _____

In die aangeleentheid tussen:

AANSOEKER: _____

(*ID-nommer/geboortedatum: _____)

EN

RESPONDENT: _____

(*ID-nommer/geboortedatum: _____)

Aangesien die Aansoeker suksesvol aansoek gedoen het om 'n beskermingsbevel, wat op die dag van uitgereik is, en na oorweging van die feite van die aangeleentheid,

Beveel die Hof dat die aangehegte tussentydse beskermingsbevel:

1. *Bekragtig word;
2. *Soos volg gewysig word: _____

 _____;

of

3. *Tersyde gestel word.

'n Afskrif van hierdie bevel en die tussentydse beskermingsbevel, asook die lasbrief tot die inhegtenisname van die Respondent, moet aan die _____ -polisiestasie gestuur word.

Gedateer te _____ op hede die _____ dag van _____ *19/20_____.

LANDDROS_____
DATUM

*Skrap wat nie van toepassing is nie.

VORM 7
[Regulasie 8(b)]
BESKERMINGSBEVEL

ARTIKEL 6 VAN DIE WET OP GESINSGEWELD, 1998 (WET NO. 116 VAN 1998)

(Hierdie vorm moet ingevul word indien 'n tussentydse beskermingsbevel nie uitgereik is nie.)

| | |
|--|---------------------------|
| IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK _____ | |
| GEHOU TE _____ | AANSOEK NO. _____ / _____ |
| In die aangeleentheid tussen: | |
| AANSOEKER: _____ | |
| (*ID-nommer/geboortedatum: _____) | |
| EN | |
| RESPONDENT: _____ | |
| (*ID-nommer/geboortedatum: _____) | |

1. BESONDERHEDE VAN RESPONDENT

Woonadres: _____

 Tel. No.: _____

Werkadres: _____

 Tel. No.: _____

2. BESONDERHEDE VAN AANSOEK

Aangesien die Aansoeker aansoek gedoen het om 'n beskermingsbevel teen die **Respondent** volgens die aangehegte beëdigde verklaring(s) en oorkonde van mondelinge getuienis (as daar is) en 'n tussentydse beskermingsbevel nie uitgereik is nie, maak die Hof nou, na oorweging van die aansoek, die bevel hieronder.

3. BEVEL VAN DIE HOF

3. Die Hof beveel dat:

3.1.1 *Die aansoek om 'n Beskermingsbevel verwerp word; of

3.1.2 *'n Tussentydse Beskermingsbevel verleen word, en die Respondent word gelas -

3.1.2.1 *om nie die volgende handeling(e) van gesinsgeweld te pleeg nie:

_____;

3.1.2.2 *om nie die hulp van 'n ander persoon te verkry om die daad van gesinsgeweld in paragraaf 3.1.2.1 vermeld, te pleeg nie;

3.1.2.3 *om nie die gedeelde woning binne te gaan nie, geleë te _____;

3.1.2.4 *om nie die volgende gedeeltes van die gedeelde woning binne te gaan nie, naamlik _____ te _____;

3.1.2.5 *om nie die Klaer se woning binne te gaan nie, geleë te _____;

3.1.2.6 *om nie die Klaer se werksplek binne te gaan nie, naamlik te _____;

3.1.2.7 *om nie die Klaer of enige kind wat gewoonlik in die gedeelde woning te _____ woon of gewoon het, te verhoed om die gedeelde woning of enige deel daarvan binne te gaan of daarin te vertoef nie;

3.1.2.8 *om geen van die volgende daad te verrig nie, naamlik _____;

3.1.2.9 *om huur- of verbandbetalings ten bedrae van R _____ per maand / jaar te betaal;

3.1.2.10 *om die bedrag van R _____ as geldelike noodhulp aan die Klaer te betaal.

4. BYKOMENDE BEVELE

4.1 Daar word verder soos volg beveel:

4.1.1 *'n Vredesbeampte, naamlik _____, moet die Aansoeker na die volgende woning vergesel om te help met reëlins rakende die afhaal van persoonlike eiendom, d.i. _____.

4.1.2 *'n Lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens te _____ moet beslag lê op die volgende wapen(s) of ander gevaarlike wapen(s) in die besit van die Respondent, d.i. _____.

- 4.1.3 *Die Klaer se fisiese adres mag nie aan die Respondent bekend gemaak word nie.
- 4.1.4 *Die Respondent word gelas om geen kontak met die volgende kind(ers) te hê nie: _____
- 4.1.5 *Die Respondent word kontak met die volgende kind(ers) vergun: _____
op die volgende grondslag: _____
- 4.1.6 *Die Respondent _____
- 4.2 'n Lasbrief tot die inhegtenisname van die Respondent word gemagtig, maar die uitvoering daarvan word opgeskort behoudens die Respondent se nakoming van die bepalings van die Beskermingsbevel soos hierbo gestel.
- 4.3 'n Afskrif van hierdie bevel en die lasbrief tot inhegtenisname moet aan die _____-polisiestasie gestuur word sodra hierdie tussentydse bevel aan die Respondent beteken is.

LANDDROS

DATUM

*Skrap wat nie van toepassing is nie.

VORM 8
[Regulasie 9]

LASBRIEF TOT INHEGTENISNAME

ARTIKEL 8(1)(a) VAN DIE WET OP GESINSGEWELD, 1998 (WET NO. 116 VAN 1998)

| | |
|--|---------------------------|
| IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK _____ | |
| GEHOU TE _____ | AANSOEK NO. _____ / _____ |
| In die aangeleentheid tussen: | |
| AANSOEKER: _____ | |
| (*ID-nommer/geboortedatum: _____) | |
| EN | |
| RESPONDENT: _____ | |
| (*ID-nommer/geboortedatum: _____) | |

AAN ALLE LEDE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS

Aangesien die aangehegte Beskermingsbevel op die ____ dag van _____
*19/20 ____ teen die Respondent verleen is deur die landdroshof vir die distrik _____; en

Aangesien die Klaer in die aangehegte beëdigde verklaring verklaar het dat die Respondent ('n) voorwaarde(s) van die Beskermingsbevel verbreek het;

Derhalwe word u hierby gemagtig en gelas om die Respondent onverwyld in hegtenis te neem ingevolge die bepalings van die Wet op Gesinsgeweld, 1998, indien daar redelike gronde is om te vermoed dat die Klaer aan dreigende leed blootstaan as gevolg van die beweerde verbreking van die beskermingsbevel deur die Respondent.

GEGEE ONDER MY HAND TE _____ OP HEDE DIE _____ DAG
VAN _____ *19/20 ____.

LANDDROS

DATUM

*Skrap wat nie van toepassing is nie.

VORM 9

[Regulasie 10]

**BEËDIGDE VERKLARING VIR DIE DOEL VAN 'N VERDERE LASBRIEF
TOT INHEGTENISNAME**

ARTIKEL 8(3) VAN DIE WET OP GESINSGEWELD, 1998 (WET NO. 116 VAN 1998)

| | |
|--|---------------------------|
| IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK _____ | |
| GEHOU TE _____ | AANSOEK NO. _____ / _____ |
| In die aangeleentheid tussen: | |
| AANSOEKER: _____ | |
| (*ID-nommer/geboortedatum: _____) | |
| EN | |
| RESPONDENT: _____ | |
| (*ID-nommer/geboortedatum: _____) | |

DEEL A: BEËDIGDE VERKLARING (Moet deur die klaer ingevul word)**1. BESONDERHEDE VAN KLAER**

| | |
|------------------------------|--|
| Van: | |
| Volle name: | |
| ID-nommer/Geboortedatum: | |
| Woonadres of tydelike adres: | |
| Huis-/kontaktelefoonnommer: | |
| Werkadres: | |
| Werktelefoonnommer: | |
| Beroep: | |

DEEL B: SERTIFISERING (Vir amptelike gebruik)**2. BESONDERHEDE VAN BESKERMINGSBEVEL**

| | |
|--|-----------------------|
| 'n Beskermingsbevel is uitgereik en 'n lasbrief tot inhegtenisname is gemagtig op: | (Datum) |
| In die Landdroshof te: | |
| Teen: | (Naam van Respondent) |

3. BESONDERHEDE VAN RESPONDENT

| | |
|--------------------------|--|
| Van: | |
| Volle name: | |
| ID-nommer/Geboortedatum: | |
| Woonadres: | |
| Huistelefoonnommer: | |
| Werkadres: | |
| Werktelefoonnommer: | |

4. BESONDERHEDE VAN AANSOEK

4.1 Ek verlang 'n *tweede/verdere lasbrief tot inhegtenisname vir my beskerming.

4.2 Die bestaande lasbrief tot inhegtenisname is -

- (a) *uitgevoer en gekanselleer; of
 (b) *verloor / vernietig, onder die volgende omstandighede:

Naamtekening van Deponent

Datum

*Skrap wat nie van toepassing is nie.

DEEL B: SERTIFISERING (Vir amptelike gebruik)

Ek sertifiseer hierby dat, alvorens ek die *eed/plegtige verklaring afgeneem het, ek die volgende vrae aan die Deponent gestel en *sy/haar antwoorde in *sy/haar teenwoordigheid aangeteken het soos hieronder aangedui:

- (a) Is u vertrouwd met en verstaan u die inhoud van die verklaring hierbo?

Antwoord: _____

- (b) Het u enige beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed?

Antwoord: _____

- (c) Beskou u die voorgeskrewe eed as bindend vir u gewete?

Antwoord: _____

Ek sertifiseer hierby dat die Deponent erken het dat *hy/sy met die inhoud van hierdie verklaring vertrou is en dit verstaan, wat voor my *beëdig/afgelê is, en die Deponent se *naamtekening / duimafdruk / merk in my teenwoordigheid daarop aangebring is.

Gedateer te _____ op hede die _____ dag van _____
*19/20_____.

Vrederegter / Kommissaris van Ede

Volle name: _____

Ampsbenaming: _____

Gebied waarvoor aangestel: _____

Werkadres: _____

*Skrap wat nie van toepassing is nie.

VORM 10**[Regulasie 11]****BEËDIGDE VERKLARING RAKENDE VERONTAGSAMING VAN
BESKERMINGSBEVEL****ARTIKEL 8(4) VAN DIE WET OP GESINSGEWELD, 1998 (WET NO. 116 VAN 1998)****AANSOEKER:** _____

(*ID-nommer/geboortedatum: _____)

EN**RESPONDENT:** _____

(*ID-nommer/geboortedatum: _____)

DEEL A: BEËDIGDE VERKLARING (Moet deur die klaer ingevul word)**1. BESONDERHEDE VAN KLAER**

| | |
|------------------------------|--|
| Van: | |
| Volle name: | |
| ID-nommer/Geboortedatum: | |
| Woonadres of tydelike adres: | |
| Huis-/kontaktelefoonnommer: | |
| Werkadres: | |
| Werktelefoonnommer: | |
| Beroep: | |

2. BESONDERHEDE VAN BESKERMINGSBEVEL

| | |
|--|-----------------------|
| 'n Beskermingsbevel is verleen en 'n lasbrief tot inhegtenisname is gemagtig op: | (Datum) |
| In die Landdroshof te: | |
| Teen: | (Naam van Respondent) |

'n Afskrif van die Beskermingsbevel (wat toon watter bevel gemaak is) en die oorspronklike lasbrief tot inhegtenisname is aangeheg.

| | |
|--|----------------|
| 'n Gewaarmerkte afskrif van die Beskermingsbevel en lasbrief tot inhegtenisname is aan die volgende polisiestasie gestuur: | |
|--|----------------|

3. BESONDERHEDE VAN RESPONDENT

| | |
|--------------------------|--|
| Van: | |
| Volle name: | |
| ID-nummer/Geboortedatum: | |
| Woonadres: | |
| Huistelefoonnummer: | |
| Werkadres: | |
| Werktelefoonnummer: | |

4. INLIGTING RAKENDE VERBREKING VAN BESKERMINGSBEVEL

| | |
|---|--|
| Datum(s) van verbreking van beskermingsbevel: | |
| Plek(ke) waar verbreking van beskermingsbevel plaasgevind het | |
| Volledige besonderhede van hoe die voorwaardes van die beskermingsbevel verbreek is: | |
| Redes, as daar is, om te aanvaar dat die Klaer aan dreigende leed blootstaan as gevolg van die verbreking van die beskermingsbevel deur die Respondent: | |

Naamtekening van Deponent

Datum

DEEL B: SERTIFISERING (Vir amptelike gebruik)

Ek sertifiseer hierby dat, alvorens ek die *eed/plegtige verklaring afgeneem het, ek die volgende vrae aan die Deponent gestel en *sy/haar antwoorde in *sy/haar teenwoordigheid aangeteken het soos hieronder aangedui:

- (a) Is u vertrouwd met en verstaan u die inhoud van die verklaring hierbo?

Antwoord: _____

- (b) Het u enige beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed?

Antwoord: _____

- (c) Beskou u die voorgeskrewe eed as bindend vir u gewete?

Antwoord: _____

Ek sertifiseer hierby dat die Deponent erken het dat *hy/sy met die inhoud van hierdie verklaring vertrouwd is en dit verstaan, wat voor my *beëdig/afgelê is, en die Deponent se *naamtekening / duimafdruk / merk in my teenwoordigheid daarop aangebring is.

Gedateer te _____ op hede die _____ dag van _____
*19/20_____.

Vrederegter / Kommissaris van Ede

Volle name: _____

Ampsbenaming: _____

Gebied waarvoor aangestel: _____

Werkadres: _____

*Skrap wat nie van toepassing is nie.

VORM 11
[Regulasie 12(1)]

KENNISGEWING OM VOOR DIE HOF TE VERSKYN

ARTIKEL 8(4)(c) VAN DIE WET OP GESINSGEWELD, 1998 (WET NO. 116 VAN 1998)

SAAK NO. _____

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK _____
GEHOU TE _____ HOF _____
DATUM VAN VERHOOR: _____

AAN:

| | | |
|----------------------|----------------|-----------------------|
| Naam van Respondent: | | |
| Woonadres: | | |
| Geslag: | Beroep/Status: | ID-No./Geboortedatum: |

U word hierby in kennis gestel dat u om 08:30 op die datum wat hierbo vermeld word, persoonlik voor bogemelde hof moet verskyn op die volgende klagte:

BESONDERHEDE VAN KLAGTE

U is skuldig aan die misdryf van die oortreding van artikel 17(a) van die Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet No. 116 van 1998), deurdat u op of omstreeks die _____ dag van _____ en op of naby _____ in die distrik _____,

- Opmerking: (1) Toon asb. hierdie dokument aan die Klerk van die Hof op die datum van die verhoor.
- (2) Indien u sou versuim om voor die Hof te verskyn soos in kennis gestel, kan u skuldig bevind word aan 'n misdryf en by skuldigbevinding gevonnissen word tot 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

SERTIFIKAAT

Ek, _____ (rang en naam), in my hoedanigheid van 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie diens gestasioneer te _____, sertifiseer hierby dat ek die oorspronklike van hierdie kennisgewing aan die Respondent daarin vermeld oorhandig het te _____ (plek) op _____ (datum) en dat ek die inhoud daarvan aan gemelde Respondent verduidelik het.

(Naam, rang en diensnommer van lid, en datum)

VORM 12
[Regulasie 13]

**AANSOEK OM WYSIGING OF TERSYDESTELLING VAN
BESKERMINGSBEVEL**

ARTIKEL 10(1) VAN DIE WET OP GESINSGEWELD, 1998 (WET NO. 116 VAN 1998)

('n Afskrif van hierdie Vorm moet aan die ander party gestuur word.)

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK _____

GEHOU TE _____ AANSOEK NO. _____ / _____

In die aangeleentheid tussen:

AANSOEKER: _____
(*ID-nommer/geboortedatum: _____)

EN

RESPONDENT: _____
(*ID-nommer/geboortedatum: _____)

DEEL A: BEËDIGDE VERKLARING (Moet deur die klaer ingevul word)

1. BESONDERHEDE VAN AANSOEKER

| | |
|------------------------------|--|
| Van: | |
| Volle name: | |
| ID-nommer/Geboortedatum: | |
| Woonadres of tydelike adres: | |
| Huis-/kontaktelefoonnommer: | |
| Werkadres: | |
| Werktelefoonnommer: | |

*Skrap wat nie van toepassing is nie.

2. BESONDERHEDE VAN RESPONDENT

| | |
|--------------------------|--|
| Van: | |
| Volle name: | |
| ID-nommer/Geboortedatum: | |
| Woonadres: | |
| Huistelefoonnommer: | |
| Werkadres: | |
| Werktelefoonnommer: | |

3. BESONDERHEDE VAN BESKERMINGSBEVEL

| | |
|------------------------------------|-----------------------|
| 'n Beskermingsbevel is verleen op: | (Datum) |
| In die Landdroshof te: | |
| Teen: | (Naam van Respondent) |

4. AANSOEK RAKENDE BESKERMINGSBEVEL

| | |
|--|---|
| Ek doen aansoek om: | <p>*(a) Die tersydestelling van die bogemelde Beskermingsbevel.</p> <p>*(b) Die wysiging van die Beskermingsbevel, soos volg:</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> |
| Die redes vir my versoek is soos volg: | <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> |

Naamtekening van Deponent

Datum

DEEL B: SERTIFISERING (Vir amptelike gebruik)

Ek sertifiseer hierby dat, alvorens ek die *eed/plegtige verklaring afgeneem het, ek die volgende vrae aan die Deponent gestel en *sy/haar antwoorde in *sy/haar teenwoordigheid aangeteken het soos hieronder aangedui:

- (a) Is u vertrouwd met en verstaan u die inhoud van die verklaring hierbo?

Antwoord: _____

- (b) Het u enige beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed?

Antwoord: _____

- (c) Beskou u die voorgeskrewe eed as bindend vir u gewete?

Antwoord: _____

Ek sertifiseer hierby dat die Deponent erken het dat *hy/sy met die inhoud van hierdie verklaring vertrouwd is en dit verstaan, wat voor my *beëdig/afgelê is, en die Deponent se *naamtekening / duimafdruk / merk in my teenwoordigheid daarop aangebring is.

Gedateer te _____ op hede die ____ dag van _____
*19/20__.

Vrederegter / Kommissaris van Ede

Volle name: _____

Ampsbenaming: _____

Gebied waarvoor aangestel: _____

Werkadres: _____

*Skrap wat nie van toepassing is nie.

VORM 13

[Regulasie 14(1)]

**KENNISGEWING VAN WYSIGING OF TERSYDESTELLING VAN
BESKERMINGSBEVEL**

ARTIKEL 10(3) VAN DIE WET OP GESINSGEWELD, 1998 (WET NO. 116 VAN 1998)

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK _____

GEHOU TE _____ AANSOEK NO. _____ / _____

In die aangeleentheid tussen:

AANSOEKER: _____
 (*ID-nommer/geboortedatum: _____)

EN

RESPONDENT: _____
 (*ID-nommer/geboortedatum: _____)

1. **Aangesien** 'n Beskermingsbevel op die _____ dag van _____
 *19/20____ in die Landdroshof te _____ teen die
 Respondent uitgereik is; en
2. **Aangesien** die *Aansoeker/Respondent aansoek gedoen het om die
 *wysiging/tersydestelling van gemelde Beskermingsbevel;
3. **Derhalwe** beveel die Hof dat -
 - 3.1 *die Beskermingsbevel tersyde gestel word; of
 - 3.2 *die Beskermingsbevel soos volg gewysig word:

Gedateer te _____ op hede die _____ dag van _____
 *19/20_____.

 LANDDROS

 DATUM

 *Skrap wat nie van toepassing is nie.